## HOOFSTUK NEGE.

# BYWOORDE.

Soos ons in Hoofstuk 2, par. 9 gesien het, vertel byw. ons iets meer van ander rededele. Byw. **bepaal** gewoonlik ww., soos in: Hy eet **baie.** Hier sê **baie** vir ons wat die graad is van die werking (n.l. eet). **Baie** is dus hier 'n byw. van graad wat die ww. **eet** bepaal.

Behalwe ww., bepaal byw. ook ander rededele, soos bnw., telw., ander byw., ens. In die sin: ,,Dis 'n **baie** mooi huis,'' is **baie** b.v. 'n byw. van graad wat 'n bnw. (mooi) bepaal: dit sê vir ons in hoe 'n groot mate die eienskap van mooiheid by die huis aanwesig is.

## VORM VAN BYW.

Soos ons al dikwels opgemerk het, gaan een rededeel heel maklik in 'n ander een oor. Dis veral die geval met bnw. en byw. (sien Hoofstuk 2, par. 1).

Waar **dieselfde woord as byw. sowel as bnw.** in die taal voorkom, is daar **gewoonlik geen onderskeid** tussen die vorm van die byw. en dié van die bnw. nie, veral wanneer laasgenoemde predikatief gebruik word. So kan **moeilik** die vorm van die **byw.** wees, soos in:

Ek vind die som baie **moeilik**;

of die vorm van die predikatief-gebruikte **bnw.,** soos in:—

Die som is baie **moeilik.**

Soos ons egter gesien het (Hoofstuk 6), verander die vorm van attributief-gebruikte bnw. dikwels ('n moeilik**e** som); dit is gewoonlik nie die geval met die byw. nie.

**Die vorm van die byw.** (stellende trap) **bly gewoonlik onveranderd,** b.v.

Sy sing **bekoorlik.**
Ek hardloop **vinnig.**
Die son skyn **helder.**

Alleen in seldsame gevalle verander die vorm van die byw. (stellende trap). Dit gebeur vaak wanneer eenlettergrepige bnw. (attributief gebruik) deur meerlettergrepige byw. bepaal word, soos in :—

'n **Taamlike** groot huis.

In sulke gevalle word die byw. (taamlik), wat die attributief-gebruikte bnw. (groot) bepaal, behandel asof dit (d.w.s. die byw.) self 'n attributief-gebruikte bnw. was.

## TRAPPE VAN VERGELYKING.

Net soos bnw., kan byw. verbuig word om verskillende grade of trappe aan te dui ; ook hier gebruik ons **-ER** vir die vergrotende trap en **-STE** vir die oortreffende trap, b.v.

Ek hardloop **vinnig,** jy hardloop **vinniger** as ek, en Jan hardloop die **vinnigste** van ons almal.

Let op die volgende byw. se onreëlmatige trappe :—

| | | |
|---|---|---|
| agter | verder agter | agterste |
| dikwels | meermale | meeste |
| graag | liewer | graagste, liewerste |
| naby | nader | naaste |
| selde | minder | minste |
| sleg (erg) | erger | ergste |
| vroeg | eerder (vroeër) | eerste (vroegste) |
| wel, goed | beter | beste |

**Opmerking.**—As dit 'n **ww.** bepaal, het **hoog** as oortreffende trap **hoogste** :

Hierdie voël vlieg hoog. Daardie een vlieg die hoogste.

In alle ander gevalle word **hoogs** (i.p.v. hoogste) gebruik :—

Dit is **hoogs** onwaarskynlik.
Ek is **hoogs** tevrede, in my skik.

Ons kan byw. volgens hulle gebruik en betekenis in **verskillende klasse** indeel, o.a.

(1) Byw. wat **plek of rigting** aandui : hier, hiernatoe, ens.
(2) Byw. van **tyd** : vroeg, dikwels, ens.
(3) Byw. van **hoedanigheid** : vinnig, sing-sing, ens.
(4) Byw. van **graad of hoeveelheid** : baie, genoeg, ens.
(5) Byw. van **modaliteit** wat 'n hele sin (nie een woord nie) bepaal : ja, seker, waarskynlik, tog, ens.

## 1. BYW. wat PLEK of RIGTING aandui.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Hier | | daar | waar |
| hierheen / hiernatoe | | daarheen / daarnatoe / soheentoe | waarheen / waarnatoe |
| hiervandaan | | daarvandaan | waarvandaan |
| | duskant / deuskant | | anderkant |
| | | | ginds |
| | êrens, iewers | | nêrens, niewers |
| | links, hot | | regs, haar |
| | orals | | elders |
| | heen, weg | | bymekaar |
| | oos | | wes |
| | noord | | suid |

Voors. soos : agter, bo, om, uit, ens., word dikwels as byw. gebruik, b.v.

Hy loop agter. Ek woon bo.

**Opm. 1.**—**Hot** en **haar** kom as byw. en bnw. voor :—
Die perd trek **hot** (byw.)
My **haar** perd is siek (bnw.)

Die volgende idiomatiese uitdrukkings word algemeen gebruik :

**Hot en haar** (in alle rigtinge ; deurmekaar) ;

**Hotagter kry** (swaar kry), b.v.

Die kinders se speelgoed lê **hot en haar** op die vloer.
Gedurende 'n droogte **kry** die boere dit maar **hotagter.**

**Opm. 2.**—'n Baie produktiewe manier om byw. van rigting in Afrikaans te vorm is deur **-toe** saam met 'n snw. te gebruik :—

Ek gaan **huis-toe** (klas-toe, Stellenbosch-toe, bioskoop-toe, ens.)

Let egter op dat, waar **na** voorafgaan, **toe** los van die snw. geskryf word (d.w.s. geen koppelteken nie), b.v.

Ek gaan **na** die stasie **toe** (maar : Ek gaan **stasie-toe**).

As **na** nie voorafgaan nie, word **toe** altyd met 'n koppelteken aan die voorafgaande woord verbind behalwe in :—

| | | |
|---|---|---|
| boon**toe** | binne**toe** | onder**toe** |
| hierna**toe** | daarna**toe** | waarna**toe** |
| soheen**toe** | voren**toe** | agter**toe** |

**Opm. 3.—Gebruike van TOE.**

**Toe** kom in Afrikaans voor as :—

(a) **Byw.** wat **rigting** (beweging na 'n plek) aandui : Ek gaan na die stasie **toe.**

(b) **Byw.** van **hoedanigheid** : Maak die deur **toe.**

(c) **Byw. as bnw.** gebruik : Ek staan voor 'n **toe** deur.

(d) **Voegw.** wat bywoordelike bysinne van tyd inlei (altyd verlede tyd) :

**Toe** ek klaar was, het ek huis-toe gegaan.

(Sien verder Hoofstuk 15, C, Opmerking iii).

**Opm. 4.—MEE, MET.—Mee** is 'n **byw., met** 'n **voors.** :—

Ek gaan stasie-toe ; gaan jy **mee** ?
Ek gaan stasie-toe ; gaan jy **met** my ?

**Saam** word dikwels in plaas van **mee** gebruik (gaan jy saam ?) en saam met **met** (gaan jy saam met my ?)

**Opm. 5.**—Die byw. **oos, wes, noord, suid** kom dikwels voor as snw. in die verboë vorme **ooste, weste, noorde, suide,** wat dan heel dikwels met 'n daaropvolgende snw. samegestelde snw. vorm :—

Hy woon in die ooste, in die weste, ens.
Oostewind, westewind, oostekant, ens.

## 2. BYW. VAN TYD.

| | | |
|---|---|---|
| Vroeg | lankal | gister |
| laat | weleer | eergister |
| vroeër | lank gelede | naaseergister |
| later | nou | smorens |
| altoos, altyd | dan | soggens |
| aldag | wanneer | smiddags |
| ooit | netnou | saans |
| nooit | dadelik | snags |
| immer | onmiddellik | bedags |
| nimmer | voortaan | gelede |
| soms, somtyds | dikwels | hedentendage |
| eer | menigmaal | teenswoordig |
| eers | telkens | vanmelewe |
| eersdaags | selde | intussen |
| ewig(lik) | vandag | ondertussen |
| gou | more (môre) | onderwyl |
| gou-gou | oormore | meteens |
| al, alreeds | naasoormore | skielik |
| weer | nouliks | nog |

**Opm. 1.**—Vir die gebruik van **al** en **(al)reeds** as vormwoordjies om voltooid verlede tyd uit te druk, sien Hoofstuk 15, C, Opmerking iii.

**Opm. 2.**—Teen**s**woordig = hedentendage, nou-se-dae; teenwoordig = nie afwesig nie; b.v.

Teenswoordig besit almal motors.
Al die kinders was teenwoordig.

**Opm. 3.**—In **al lankal** word **al** herhaal:—

Het jy nou net gekom? Nee, al lankal.

Sulke **reduplikasies** (verdubbelinge), waarin dieselfde woord tweekeer voorkom, is baie algemene verskynsels in Afrikaans: nie . . . nie; **uit** die huis **uit**; **in** die huis **in**; sing-sing.

**Opm. 4.**—Langs die weg van verdubbeling kry ons baie samegestelde byw. van tyd, soos:—

**gou-gou, nou-nou, kort-kort.**

**Opm. 5.**—**Selde** is 'n **byw.** van tyd: Hy kom selde hier.
**Seldsaam** is 'n **bnw.**: 'n seldsame verskynsel.

## 3. BYW. VAN HOEDANIGHEID.

Feitlik **al die bnw.** val onder hierdie klas daar bnw., soos ons aan die begin van hierdie hoofstuk aangetoon het, vaak as byw. gebruik word.

Verder moet ons let op die baie maklike en **besonder produktiewe manier om byw. van hoedanigheid in Afrikaans te vorm** deur dieselfde woord te herhaal. Sulke **verdubbelinge** word altyd met 'n koppelteken geskrywe: **sing-sing, tol-tol,** ens.

Werkwoorde (in die besonder dié wat eenlettergrepig is) word dikwels op hierdie wyse verander om byw. van hoedanigheid te vorm, b.v.

eet-eet, rook-rook, rus-rus, speel-speel, draf-draf, kou-kou, lag-lag, huil-huil, geséls-geséls, ens.

**Opm. 1.**—
**Ander** is 'n **bnw.**: die ander kamer.
**anders** is 'n **byw.** van hoedanigheid: Jy dink so, ek dink anders.

**Ander** (bnw.) word dikwels **as snw.** (meervoud) gebruik: Ek was nie alleen nie; daar was **ander** ook (d.w.s. ander mense). Dit word dikwels na **party** gebruik:

Party was groot, **ander** klein.

Die onderskeid tussen hierdie **ander** (snw., meervoud) en **anders** (byw. van hoedanigheid) blyk duidelik in 'n sin soos:

Party mense dink so, **ander** dink **anders.**

Ons kry **ander** in verboë vorme as:

(a) **Andere** in **onder andere.**

(b) **Anders** na **iets, niks**, waar in die **-s** nog die vorm van die ou verdelingstweedenaamval bewaar is:

Dis nou weer **iets anders.**

**Opm. 2.**—**Rêrig** is die verkorte vorm van **reg-reg.**

**Opm. 3.**—Baie Afrikaanse byw. van hoedanigheid is verkleiningsuitgange van bnw. waaraan ons **-s** gevoeg het:

**saggies, soetjies, stilletjies,** ens.

## 4. BYW. van GRAAD of HOEVEELHEID.

| | | |
|---|---|---|
| Baie | omtrent | hoogs |
| min | so | hoogstens |
| minstens | verreweg | heeltemal |
| meer | byna, amper | skaars |
| min of meer | genoeg | te, alte |

**Opm. 1.**—**Baie** word baie gebruik, as **byw. en bnw.**:—

Dit het baie gereent (byw.)
Daar was baie mense (bnw.)

**Veel(s)** tref ons aan in vaste uitdrukkinge soos: **te veel, veels te veel, veels** te kort (lank, breed, ens.), **veels geluk.**

**Opm. 2.**—**Min of meer** („meer of min" is 'n Anglisisme).

## 5. BYW. VAN MODALITEIT.

In teenstelling met die gewone byw. wat gewoonlik net een woord in 'n sin bepaal, het byw. van modaliteit **betrekking op die inhoud van 'n hele sin.** As ek b.v. sê:

Hy sal **dalk** more kom,

dan het **dalk** nie betrekking op een spesiale woord in die sin nie, maar op die hele sinsinhoud: dit trek sy koms more in twyfel. Ons sê dan **dalk** is hier 'n byw. van modaliteit wat **twyfel** uitdruk.

Byw. van modaliteit kan uitdruk :—

(1) **Bevestiging** : ja, seker, gewis, werklik, waarlik, ongetwyfeld, stellig, inderdaad, bepaald, darem.

(2) **Ontkenning** : nee, nie, gladnie, geensins, onmoontlik, verniet, tevergeefs, ens.

(3) **'n Wens** : asseblief, tog, dan, maar, b.v.

Doen dit asseblief.
Was ek maar ryk!

(4) **Twyfel** : miskien, waarskynlik, vermoedelik, moontlik, glo, denklik, dalk, altemit, ens.

(5) **Oorsaak** : hierdeur, daardeur, waardeur.

(6) **Rede** : daarom, mos, immers.

(7) **Middel** : hiermee, daarmee.

(8) **Doel** : daarom, daarvoor, daartoe.

(9) **Gevolg** : derhalwe, dus.

(10) **Toegewing** : tog, darem, nietemin, nogtans.

(11) **Omstandigheid** : onverwags, vergeefs, plotseling, alleen, ens.

**Opm. 1.**—Baie van hierdie byw. van modaliteit word **as voegwoorde** aangetref, wanneer hulle genoem word **voegwoordelike bywoorde.** Na hulle kry ons altyd die omgekeerde woordorde (sien Hoofstuk 11, A, Voegwoorde).

**Opm. 2.—Darem** kan as byw. van modaliteit uitdruk :—

(a) **Bevestiging** : President Kruger was darem 'n groot man.

(b) **Toegewing** (veral saam met **maar**) : Ek sal dit darem maar doen.

**Opm. 3.—Daarom** tref ons aan as :—

(a) **Suiwer byw.** van modaliteit wat **rede** aangee : Ek was siek en moeg, en dit is daarom dat ek tuis gebly het.

(b) **Voegwoordelike byw.** (eintlik : byw. van modaliteit wat rede aangee en as voegw. fungeer) :

Ek was siek, daarom het ek tuis gebly.

**Opm. 4.**—Dikwels word twee of meer byw. van modaliteit saam gebruik :

Kom **dan tog asseblief.**
Jy sal dit **darem seker** doen.

**Opm. 5.**—**Tog** tref ons aan as :—

(a) **Suiwer byw.** van modaliteit om **'n wens** uit te druk :

Help my tog.

(b) **Suiwer byw.** van modaliteit om **toegewing** uit te druk :

Jy kan dit tog maar hou.

(c) **Voegwoordelike byw.** (dis (b) wat as voegw. optree) :

Ek was siek, tog het ek gegaan.

**Opm. 6.**—Eienaardig is die ironiese gebruik van **glo** (eintlik 'n ww.) as byw. van modaliteit om **twyfel** (die teenoorgestelde van die idee in die ww. „glo" bevat) uit te druk :

Jy is **glo** snaaks, nè ?
Dis **glo** die enigste uitweg uit die moeilikheid.

## Oefening 9a.

Tien woorde (uit hierdie hoofstuk) om in sinne te gebruik :—

graad, eienskap, veral, seldsame, daaropvolgende, reduplikasie, vaak (byw.), hoedanigheid, sinsinhoud, voegwoordelike.

## Oefening 9b.

Gee die trappe van vergelyking van :—

selde, seldsaam, agter, bitter, dikwels, vaag, graag, naby, wel, vroeg, hoog, moeg, droog, laag, wuf.

## Oefening 9c.

Gebruik o.s. woorde in sinne, eers as bnw. en dan as byw. :—

baie, moeilik, mooi, vinnig, groot, wonderlik, hot, taamlik, behoorlik, ontsettend.

## Oefening 9d.

Sê tot watter woordsoort (byw., bnw., ww., ens.) o.s. woorde behoort, en gebruik hulle dan in sinne sodat die onderskeid duidelik blyk :—

mee, met ; selde, seldsaam ; daarom, darem ; ander, anders, andere ; teenwoordig, teenswoordig ; sing, sing-sing ; gelede, verlede, oorlede ; soet, soetjies ; netnou, nou net.

## Oefening 9e.

Gee die teenoorgestelde van (b.v. ooit—nooit) :—

| | | | |
|---|---|---|---|
| immer | vroeg | vroeër | soms |
| hier | voor | êrens | lank gelede |
| noord | oos | hot | deuskant |
| hierheen | boontoe | hiernatoe | hiervandaan |
| vorentoe | vanmelewe | snags | eersdaags |
| menigmaal | waarskynlik | los | hierdeur |

## Oefening 9f.

Gebruik in sinne :—

**glo** (1) as ww., (2) as byw.
**toe** (1) as byw. van hoedanigheid, (2) as byw. van rigting, (3) as bnw., (4) as voegw.
**al** (1) as bnw., (2) as byw.
**min** (1) as bnw., (2) as byw.
**mos** (1) as snw., (2) as byw.
**voor** (1) as snw., (2) as voegw., (3) as byw.
**tog** (1) as snw., (2) as byw.
**haar** (1) as vnw., (2) as byw.

## Oefening 9g.

Gee die teenoorgestelde van :—

1. Hy is **algemeen** bekend.
2. Hy kom **dikwels** by ons.
3. Hulle het ons **hartlik** ontvang.
4. Hy is 'n **ernstige** man.
5. Hy is **ernstig** gewond.
6. Sy handel **reg.**
7. Hy is **tydelik** benoem.
8. Hy ondersoek **deeglik.**
9. Hy handel **kalm.**
10. **Kalm** is die see.
11. Hy kom my **dapper** voor.
12. Sy is **hoogmoedig.**
13. Ek voel **opgeruimd.**
14. Hy vertaal te **letterlik.**
15. Die **letterlike** betekenis.
16. Hy is **armoedig** gekleed.
17. Dis **absoluut** verkeerd.
18. Dis **meesterlik** beskrywe.
19. Jy gedra jou **kinderagtig.**
20. Dit het **plotseling** gebeur.

## TIEN VRAE (op Hoofstuk 9).

(N.B.—Gee voorbeelde orals waar moontlik.)

1. Wat is die onderskeid tussen 'n byw. en 'n buw. ?
2. Kan byw. trappe van vergelyking hê ?
3. In watter **vyf** verskillende klasse kan ons byw. verdeel ?
4. Hoe kan ons enige snw. verander in 'n byw. om rigting aan te dui ?
5. Watter verskillende funksies kan **toe** in Afrikaans verrig ?
6. Wat is reduplikasie ? Bewys dat dit 'n tiepies Afrikaanse verskynsel is.
7. Watter eienaardige en tiepies Afrikaanse middel word aangewend om van ander rededele byw. van hoedanigheid te vorm ?
8. Wat is byw. van modaliteit ?
9. Noem tien verskillende toestande wat modale byw. kan uitdruk.
10. Watter modale byw. is tiepies Afrikaans in so ver hulle in ander tale feitlik nie letterlik kan vertaal word nie ?

# TOETS TWEE.

(Hoofstukke 1-9).

## A. OEFENINGE.

1. Vul in die ontbrekende vnw. :—
   (a) Die man — daar loop is iemand — jy nie kan reken nie ; hy kan — dalk in die steek laat. So 'n man — jy reken is soos 'n slegte stok — jy leun.
   (b) Kinders, is hierdie potlode — ? Hulle is nie — nie, want — potlode is tuis.
   (c) Die trein — ek sit gaan na Paarl.
   (d) 'n Mens moet — medemens help net waar — kan. Ons kan nie soos Kaīn sê dat ons nie — broer se hoeder is nie ; elkeen van ons moet — bekommer oor — bure.
   (e) Die vrou — ons gepraat het, is iemand — jy kan glo.
   (f) Die man — jy daar sien het my vertel dat — vrou — been gebreek het en dat — kinders nie in — eksamen geslaag het nie. Kry jy — nie ook jammer nie ?

2. Vul in die regte vorm van die bnw. tussen hakies :—

| | | |
|---|---|---|
| 'n (vaag) idee | 'n (wyd) vloer | die (ander) kamer |
| 'n (geweldig) slag | 'n (vas) aanbod | 'n (breed) plank |
| (aantreklik) voorstelle | 'n (los) paal | 'n (wreed) barbaar |
| 'n (beleef) man | 'n (lang) dag | 'n (goud) ketting |
| 'n (mooier) boek | 'n (hoog) boom | (rein) water |
| 'n (naar) man | 'n (moeg) esel | die (rein) waarheid |
| 'n (naar) vent | 'n (droog) dak | (goed) studente |
| 'n (dood) lid | (vroeg) besoekers | (beter) kanse |
| 'n (edel) inbors | (dringend) briewe | 'n (nuut) pak |
| 'n (woes) nasie | (vernaam) besluite | 'n (dof) geluid. |

3. Gebruik die volgende bnw. eers attributief en dan predikatief (b.v. Die mooi boek is weg. Die boek is mooi.) :—
   doof, oud, nuut, groter, opreg, lang, vermaard, juis, letterkundig, majestueus.

4. Gee die trappe van vergelyking van :—
kwaad, kwaai, onbelangrik, sku, ontevrede, doof, dof, benydenswaardig, blond, koud, onopreg, dood, teer, gedwee, daagliks.
5. Skrywe voluit in woorde :—
899,433 $\frac{17}{100}$ ; 44,788 ; 9.45 n.m.
6. Gee die teenoorgestelde van :—
eersdaags, soms, selde, seldsaam, smorens, bedags, skeef, aantreklik, vernaam, stilletjies, dadelik, moontlik, beroemd, vervelend.
7. Wat is die onderskeid tussen :—
(a) predikatief en attributief ;
(b) hooftelw. en rangtelwoorde ;
(c) woeste en woesste ;
(d) bnw. en byw. ?
8. Gebruik o.s. woorde in 'n paragraaf sodat hulle 'n samehangende geheel vorm :—

| | | |
|---|---|---|
| aantref | daagliks | meedeel |
| alledaagse | verskynsel | gereelde |
| ongehoord | tydskrif | beweeg |
| vyf-en-twintig | | |

9. Sê as watter woordsoorte die woorde, wat in die vorige vraag gegee word, in jou paragraaf voorkom.
10. (a) Gee die meervoud van :—
gebod, aanbod, gebed, bed, genot, staatsman. Engelsman, wig, ploeg, onmoontlikheid.
(b) Gee die vroulike vorm van :—
voog, prins, reun, swaer, eggenoot, burgemeester, skrywer, inspekteur, beer (2).

## B. GRAMMATIKA.

(N.B.—Gee voorbeelde orals waar moontlik.)

1. Wat is vnw. en in watter klasse kan vnw. verdeel word ?
2. (a) Wat word bedoel met die attributiewe en predikatiewe gebruik van bnw. ?
(b) Watter bnw. word alleen attributief gebruik en watter alleen predikatief ?

3. Watter algemene reëls kan toegepas word vir die verbuiging (met -e) van bnw. ?
Gee ook 'n paar uitsonderings op hierdie reëls.
4. Wat is trappe van vergelyking, en hoe word hulle gevorm ? Watter trap verdien besondere aandag en waarom ?
5. Gee **tien** bnw. met onreëlmatige trappe (gee ook die trappe) en sê waarom hulle onreëlmatig is.
6. Wat is telwoorde en in watter klasse kan hulle verdeel word ?
7. Hoe word (a) lang getalle, (b) breuke, (c) datums en (d) regeerders geskrywe ?
8. Verdeel byw. in klasse en sê waarom jy so 'n verdeling maak.
9. Wat is die onderskeid tussen :—
   (a) Bywoorde en byvoeglike naamwoorde ;
   (b) wederkerende en wederkerige vnw. ;
   (c) juiste en juisste ;
   (d) gemeenslagtig en geslägloos ;
   (e) verbuiging en vervoeging ;
   (f) tienuur en tien uur ?
10. Wat is byw. van modaliteit en in watter klasse kan hulle verdeel word ? (Gee **drie** voorbeelde van elke klas.)

## HOOFSTUK TIEN.

## SINSONTLEDING: **ENKELVOUDIGE SINNE.**

### Rededele in 'n sin.

Die doel van rededele is om in sinne gebruik te word—soos hulle naam aandui, is hulle **dele** van ons **rede** of spraak. 'n Rededeel (woordsoort) is dus ten slotte alleen van belang as deel van 'n sin, d.w.s. 'n stuk menslike spraak waarmee ons aan mekaar verstaanbare mededelings maak.

In Hoofstuk 2, par. 1 het ons gemaklikheidshalwe die woorde van ons taal in **tien** verskillende rededele ingedeel: **snw., vnw., bnw., telw., byw., voegw., ww., voors., lidw.,** en **tussenw.** Ons het daar en op ander plekke egter aangetoon dat ons nie hier tien heeltemal afsonderlike rededeel-hokkies het nie, maar dat een rededeel maklik in 'n ander een kan oorgaan. (Sien Hoofstuk 2). Om aan te toon hoe hierdie tien soorte in 'n sin voorkom, kan ons 'n sin neem soos:—

**Die twee groot bome bloei nou in my tuin en is o! so mooi.**

Hier kry ons van alles wat: **snw.** (bome, tuin); **vnw.** (my); **bnw.** (groot, mooi); **telw.** (twee); **byw.** (nou, so); **voegw.** (en); **ww.** (bloei, is); **voors.** (in); **lidw.** (die); **tussenw.** (o!).

### Verskillende soorte sinne.

Soos ons hierbo gesien het, is 'n sin 'n stuk spraak waarmee mense, wat dieselfde taal praat, aan mekaar iets verstaanbaars meedeel.

Ons kry sinne van allerhande lengte: van 'n lang, ingewikkelde sin wat 'n halwe bladsy beslaan tot eenvoudige sinne wat uit 'n paar woorde bestaan. Dikwels kry ons bevelsinne soos: ,,Loop," wat uit net een woord bestaan. Ons verdeel die sinne van ons taal gerieflikheidshalwe in twee klasse:—

A. Enkelvoudige sinne, en

B. Samegestelde sinne.

## ENKELVOUDIGE SINNE.

Die enkelvoudige sin is een met net één selfstandige (onafhanklike) ww. Enkelv. sinne kan wees :—

(1) **Bewerings** : Jan staan.
(2) **Bevele** : Gaan !
(3) **Vrae** : Wie loop daar ?

So kry ons beweringsinne (wat 'n eenvoudige bewering of mededeling bevat), bevelsinne (wat 'n bevel of order bevat), en vraagsinne (waarin 'n vraag is).

Ons moet goed onderskei tussen 'n **SIN** en 'n **SINSNEDE** (frase) : in 'n sin is daar 'n selfstandige ww., in 'n sinsnede nie. Ons moet nie deur die lengte van 'n stuk mislei word om meer sinne te kry as wat daar werklik is nie. 'n Goeie algemene reël is dat daar in 'n stuk net soveel sinne is as wat daar selfstandige ww. is. Sinsnedes waarin deelwoorde voorkom moet dus nie as sinne beskou word nie. In die volgende geval :—

**Ingesluit vind** u 'n tjek groot £5, **synde** rente op £100,

is daar b.v. net een selfstandige ww. (vind). „Ingesluit'' en „synde'' is deelwoorde, nie selfstandige ww. nie ; ons het hier dus met 'n enkelvoudige sin te doen.

Uit bostaande blyk dit dat die ww. of sogenoemde **GESEGDE** (predikaat) **die vernaamste deel van 'n sin** is. Die gesegde kan ww. wees van allerlei aard ; enkelvoudige ww. (sien), samegestelde ww. (nasien), koppelww. (is), ens.

Maar elke sin moet ook 'n **ONDERWERP** (subjek) hê. Dit kan werklik in die sin voorkom (**Jan** staan), of dit kan verswyg word (Gaan !—„Jy,'' „Jan'' of iets anders word hier weggelaat). Veral in bevelsinne is die onderwerp verswyg.

Die onderwerp is gewoonlik 'n snw. of vnw., maar dit kan enige rededeel wees wat dieselfde funksie verrig as 'n snw. Ons kan 'n **enkelvoudige onderwerp** hê (net één onderwerp), soos in : Die seuns werk. Die skaap blêr. Die „enkelvoudige'' onderwerp het niks met enkelvoud of meervoud te maak nie ; dit kan enkelv. wees (skaap) of meerv. (seuns).

Ons kry ook 'n **veelvoudige onderwerp** (meer as één onderwerp) :

Die seuns en die onderwyser werk.
Die skaap, ook die bees, wei in die veld.

Verder kry ons by onpersoonlike ww. (reent, hael, ens.) 'n **skynbare onderwerp** of leë onderwerp ; as ek sê : **dit reent,**

dink ek nie aan iets of iemand wat „reent" nie. Waar ons, soos met **dit** hier, geen bepaalde persoon, dier of ding kan aanwys wat die werking verrig nie, praat ons van 'n skynbare onderwerp. By ww. soos : reent, hael, donder, bliksem, sneeu, ens., kry ons feitlik altyd **dit** as leë (skynbare) onderwerp.

**Dit,** die skynbare onderwerp, moet ons goed onderskei van **dit,** die **voorlopige onderwerp,** wat in die plek staan van die werklike onderwerp wat later volg, b.v.

Dis (**dit** is) jammer dat jy laat is.

Hier is die sin **dat jy laat is** die werklike onderwerp van **is,** en **dit** is die voorlopige onderwerp

**Dit,** as voorlopige onderwerp, tref ons heel dikwels aan by ww. soos **betaam, behaag, geluk, skeel, spyt, vrystaan,** ens., b.v.

**Dit** betaam ons nie om te hard te kritiseer nie.
**Dit** het die Goeverneur-Generaal behaag om die doodvonnis te verander.
**Dit** het Jan geluk om in die eksamen te slaag.
**Dit** skeel my nie of jy kom of nie.
**Dit** spyt ons om van u siekte te verneem.
**Dit** staan hom vry om te doen wat hy wil.

* * * *

Elke sin, hoe eenvoudig ook al, het dus tenminste 'n gesegde en 'n onderwerp. Baie keer is dié twee alleen genoeg om 'n volkome sin te vorm. Dikwels, egter, is 'n **VOORWERP** ook nodig. Dis die geval ná oorganklike (transitiewe) ww. Ons voel b.v. dat so 'n mededeling soos „Ek ken" onvoltooid is, m.a.w. dis nog nie 'n sin nie (maar on-sin). Die ww. **ken** moet deur 'n voorwerp gevolg word, soos : Ek ken hom.

ek . . . . onderwerp
ken . . . . gesegde
hom . . . . voorwerp.

Elkeen van hierdie drie kan weer 'n hele klomp woorde hê wat hulle bepaal of modifieer. So kry ons **BEPALINGS** by die onderwerp, by die gesegde en by die voorwerp.

**Byvoeglike bepalings,** net soos bnw., gee vir ons 'n verdere eienskap van die betrokke persoon of saak. As ek b.v. sê : —

Ek ken 'n baie sterk man,

is die woord „sterk" 'n byvoeglike bepaling by „man"—dit gee vir ons 'n verdere eienskap van die man.

**Bywoordelike bepalings** is weer net soos bywoorde, en net soos by byw., kry ons byw. bepalings van tyd, plek, ens. Neem nou die volgende sin :—

**'n Sterk man kan in die more swaar gewigte maklik optel.**

Hier het „sterk" betrekking op „man" en is, soos ons bo gesien het, 'n byvoeglike bepaling by „man."

Netso is „swaar" 'n byvoeg. bep. by „gewigte."

„Maklik" weer sê vir ons **op watter wyse** hy die gewigte kan optel, en is 'n bywoordelike bep. van hoedanigheid by die gesegde (kan optel), net soos „in die more" vir ons sê **wanneer** hy dit kan doen. Ons kan hierdie hele sin dus as volg in sy verskillende bestanddele ontleed :—

| | | |
|---|---|---|
| 'n man | . . . . | onderwerp |
| sterk | . . . . | byvoeglike bep. by „man." |
| kan optel | . . . . | .gesegde |
| maklik | . . . . | bywoordelike bep. van hoedanigheid by „kan optel" |
| in die more | . . . | byw. bep. van tyd by „kan optel" |
| gewigte | . . . . | voorwerp |
| swaar | . . . . | byv. bep. by „gewigte." |

Ewe-as met byw., kry ons verskillende soorte BYWOORDELIKE BEPALINGS. In die sin hierbo het ons een van hoedanigheid (maklik) en een van tyd (in die more). Ons kan net soveel soorte byw. bepalings kry as wat daar soorte byw. is (Hoofstuk 9), met hierdie onderskeid dat waar 'n byw. net één woord is, 'n byw. bep. één woord kan wees of meer, soos in :—in die more (byw. bep. van tyd) ; uit die huis uit (rigting waarvandaan) ; met 'n potlood (middel), ens., ens.

## Oefening 10a.

Tien woorde (uit hierdie hoofstuk) om in sinne te gebruik :—

spraak, mededelings, gemaklikheidshalwe, afsonderlike, ingewikkelde, bewering, skynbare, veelvoudige, bepaling, modifieer.

## Oefening 10b.

(i) Benoem die rededele in o.s. sinne, d.w.s. neem elke rededeel en sê wat dit is : snw., bnw., ww., ens.

(ii) Ontleed dan die sinne, d.w.s. sê wat onderwerp is, wat gesegde, ens.

1. In die oggend sing baie voëltjies in die hoë bome voor ons huis.
2. Ag! more kan Piet se broer nie kom nie.
3. Wie het gister my rooi boek hier in die kamer geneem?
4. Nieteenstaande die reën sal ek die Rosebankse tentoonstelling gereeld bywoon.
5. Johann van Riebeek, 'n kommandeur in die diens van die Hollandse Oos-Indiese Kompanjie, het in die jaar 1652 in Tafelbaai aan wal gestap.
6. Onafhanklikheidsdag word elke jaar in die Verenigde State van Amerika op 4 Julie gevier.
7. In 1820, gedurende die tydperk van spanning onmiddellik na die Napolitaanse oorloë, het ongeveer 3,500 setlaars van alle dele van Groot-Brittanje na Suid-Afrika getrek.
8. Daar is helaas nie meer appels aan die bome in die tuin nie.
9. Miskien sal Jan en sy maat netnou van die bioskoop af kom.
10. Kom dan tog dadelik om my te help.

TIEN VRAE (op Hoofstuk 10).

(N.B.—Gee voorbeelde orals waar moontlik.)

1. Wat is 'n sin?
2. As ons praat van tien rededele, bedoel ons dan tien afsonderlike woorde wat met mekaar niks te maak het nie?
3. Alleen wanneer is rededele van belang?
4. Wat is 'n enkelvoudige sin en in watter drie klasse kan enkelv. sinne verdeel word?
5. Wat is die verskil tussen 'n **sin** en 'n **sinsnede**?
6. Wat verstaan ons onder **onderwerp** en **gesegde**? Watter een is die belangrikste en waarom?
7. Verklaar :—
   (i) enkelvoudige onderwerp;
   (ii) veelvoudige onderwerp;
   (iii) skynbare onderwerp;
   (iv) voorlopige onderwerp.
8. Wat verstaan jy onder **voorwerp** en by watter soort ww. kry ons gewoonlik voorwerpe?
9. Wat is byvoeglike bepalings en waarom word hulle so genoem?
10. Wat is bywoordelike bepalings, waarom word hulle so genoem, en hoeveel soorte is daar?

## HOOFSTUK ELF.

## SINSONTLEDING: SAMEGESTELDE SINNE— **NEWESKIKKENDE SINSVERBAND.**

Dis nie altyd moontlik om, soos in die vorige hoofstuk, wat ons wil meedeel so te sê dat ons net een selfstandige ww. het nie, en so kry ons samegestelde sinne. Soos die naam aandui, is 'n samegestelde sin een waarin ons meer as een „sin" ('n stuk spraak met 'n selfstandige ww.) samestel of bymekaar plaas. Hierdie bymekaar-plasing geskied gewoonlik met behulp van **voegwoorde,** die woordjies wat die taalsement is om sinne (en woorde en sinsnedes) aanmekaar te voeg.

Soos ons later sal sien, speel voegwoorde as verbindings- of koppelwoorde 'n groot rol in samegestelde sinne. Die gebruik van voegw. om sinne te verbind is egter nie absoluut noodsaaklik nie; sinne word dikwels sonder voegw. verbind, soos in :—

Ek kan nie gaan nie: ek is siek.

Hier doen die dubbelpunt (:) die werk wat in dieselfde verband deur **want** kon gedoen word. Vergelyk ook die volgende :—

**en** weggelaat: Jan loop, Piet ry.

**maar** (dog, ens.) weggelaat: More sal ek werk; Sondag rus ek.

Volgens die verhouding teenoor mekaar van die sinne wat die dele van 'n samegestelde sin uitmaak, kry ons samegestelde sinne met :—

A. Neweskikkende sinsverband, en

B. Onderskikkende sinsverband.

### A. **Neweskikkende Sinsverband.**

Soos die naam reeds aandui, kry ons in A sinne van gelyke rang of waarde, sinne wat eenvoudig langs mekaar gestel (newegeskik) of aan mekaar geheg is sonder dat die een van die ander afhanklik is. Neem 'n eenvoudige geval van neweskikkende sinsverband soos :—

Jan loop en Piet ry.

Hier is dit heeltemal duidelik dat ons twee gelykwaardige sinne eenvoudig deur **en** verbind het, wat nog beter uitkom

as ons onthou dat elkeen van hulle as **onafhanklike** enkelvoudige sin kan voorkom—ons kon net so goed gesê het :—

Jan loop. Piet ry.

B. **Onderskikkende Sinsverband.**

In B kry ons aan die ander kant sinne so verbind dat een of meer van ander **afhanklik** is. Die sinne het nie almal gelyke waarde nie, maar party is aan ander ondergeskik. Neem die volgende geval :—

Die man wat loop is Jan.

Ons het hier twee sinne waarvan net één (die man is Jan) onafhanklik is, d.w.s. alleen kan staan ; die ander sin (wat loop) is afhanklik van die eerste (die man is Jan). Sonder die een (die man is Jan) kan die ander (wat loop) nie bestaan nie, soos duidelik blyk as ons hulle as onafhanklike enkelvoudige sinne probeer skrywe, soos in :—

Die man is Jan. Wat loop.

Om aan te toon dat ons hier te doen het met sinne van ongelyke waarde, noem ons die onafhanklike sin **hoofsin** en die afhanklike sin **bysin.**

In neweskikkende sinsverband (A) kry ons dus een of meer hoofsinne wat aan mekaar verbind is, en in onderskikkende sinsverband (B) kry ons een of meer hoofsinne waarvan een of meer bysinne afhanklik is.

**Opmerking.**—Die onderskeid tussen newe- en onderskikkende sinsverband, soos hierbo uiteengesit, moet nie as onfeilbare beginsel in elke geval toegepas word nie. Daar is baie gevalle waar ons uiteensetting nie sal kan toegepas word nie. Weer moet ons onthou dat nimmerfalende reëls 'n groot seldsaamheid is : die taal, wispelturig en veranderlik soos die mens self, kan nie in waterdigte hokkies vasgepen word nie. Dit het ons al herhaaldelik gesien, o.a. by die indeling in rededele (Hoofstuk 2, par. 1).

* * * *

## A. NEWESKIKKENDE SINSVERBAND.

Volgens die betekenis wat uitgedruk word kan newegeskikte sinne aan mekaar as volg verbind wees :—

(1) **Aaneenskakelend** : die sinne is eenvoudig aan mekaar geheg, soos in :—

Jan loop **en** Piet ry.

(2) **Teenstellend** : die twede sin is 'n teenstelling van die eerste, soos in :—

Ek is siek **maar** ek sal gaan.

(3) **Redegewend** (verklarend) : die twede sin gee die rede aan vir die handeling in die eerste bevat, soos in :—

Ek gaan nie **want** ek is siek.

In neweskikkende sinsverband kry ons dus sinne wat aaneenskakelend neweskikkend (soos in (1) ), teenstellend neweskikkend (soos in (2) ) of redegewend neweskikkend verbonde is (soos in (3) ).

## VOEGWOORDE.

Die algemeenste voegwoorde wat hierdie drie soorte verbindings kan teweegbring, kan ons in twee hoofklasse verdeel :—

(a) Dié wat **nie die woordorde beïnvloed nie,** soos **en, maar, want,** in die voorbeelde hierbo gegee. Ons kry dieselfde woordorde met hierdie voegwoorde as wat ons sonder hulle in twee aparte sinne sou gekry het.

(b) Dié wat die **woordorde verander.** Ons kry hier in plaas van die normale woordorde altyd **inversie** (omgekeerde woordorde), d.w.s. eers die gesegde en dan die onderwerp, b.v.

Ek is siek **tog het ek** gegaan.

Die onderskeid in die woordorde na voegwoorde wat onder klasse (a) en (b) val, blyk baie duidelik as ons sinne met die normale woordorde plaas naas sinne met die omgekeerde woordorde :—

{ Ek is siek **dog ek het** gegaan (normale woordorde).
{ Ek is siek **tog het ek** gegaan (omgekeerde woordorde).

{ Ek is siek **maar ek sal** gaan (normale woordorde).
{ Ek is siek **nogtans sal ek** gaan (omgekeerde woordorde).

(Al vier sinne is teenstellend neweskikkend verbonde).

Ons kry hieronder 'n lysie voegw. wat die verskillende verbindings by newegeskikte sinne teweegbring. Veral na **voegwoordelike bywoorde** (sien Hoofstuk 9, par. 5, opmerking 1) kry ons die omgekeerde woordorde.

## (1) AANEENSKAKELENDE SINSVERBAND.

(a) **Normale woordorde** na :—

**en** : Jan is groot **en** Piet is klein.

(b) **Omgekeerde woordorde** na :—

**ook** : Hy het my geskop, **ook** het hy my geslaan.

In dieselfde sin kan ons, in plaas van **ook,** die volgende voegw. gebruik :—

**dan nog, buitendien, bowendien, daarby, daarenbowe, daarna, selfs, vervolgens, verder.**

**eindelik** : Ons het lank gewag, **eindelik** het hy gekom.

**ten laaste** : Ons het lank gewag, **ten laaste** het hy gekom.

**vereers** : Jy moet nie nou al gaan nie ; **vereers** moet jy maar nog wag.

**eweneens** : Jy moet Jan goed straf ; **eweneens** moet Piet gestraf word.

**Opm.**—Hierdie voegw. staan nie altyd aan die begin van die twede sin nie :—

Hy het my geslaan ; hy het my buitendien geskop.

In sulke gevalle, en in gevalle waar die voegw. heeltemal weggelaat is (sien begin van hierdie hoofstuk), kry ons die normale woordorde (soos by **en**).

## (2) TEENSTELLENDE SINSVERBAND.

(a) **Normale woordorde** na :—

**maar** : Ek is siek **maar** ek sal gaan.

**dog** : Ek is siek dog ek sal gaan

**of** : Jy moet gou maak **of** jy reent nat.

**òf . . . . òf** : Òf Jan het die boek gesteel **òf** hy het dit gekoop.

(b) **Omgekeerde woordorde** na :—

**tog** : Ek is siek, **tog** sal ek gaan.

In dieselfde sin kan ons ook gebruik :—

**nogtans, ewenwel, nietemin, nieteenstaande.**

**intussen** : Ek was by die skool ; **intussen** het my vader gekom.

**ondertussen** : net soos **intussen.**

**daarenteen** (daarenteë) : Jan is altyd besig ; **daarenteen** werk Piet nooit.

**inteendeel** : sien Opmerking 3 hieronder.
**anders** : Kom nou **anders** loop ek.
**egter** : sien Opmerking 2 hieronder.

**Opm. 1.**—Dieselfde opmerking wat ons bo by aaneenskakelende sinsverband gemaak het wat betref sinne sonder voegw. (of voegw. nie eerste nie), is ook hier van toepassing. Ons kry in al sulke gevalle die normale woordorde, soos in :—

Jan is groot, Piet is klein.

**Opm. 2.**—**Egter,** wat ook teenstellend neweskikkend verbonde sinne aandui, staan gewoonlik nooit eerste in die sin nie, maar na die eerste woord of sinsnede, b.v.

Jan is slim ; Piet, **egter,** is dom.

In plaas van **egter,** en op dieselfde manier, word ook **daarenteen** gebruik.

**Opm. 3.**—Na **inteendeel** rus ons eers (komma), en die sin wat volg kry dan die normale woordorde :—

Jan is nie slim nie ; **inteendeel,** hy is dom.

Soos uit hierdie sin blyk, staan **inteendeel** altyd na 'n negatiewe sin, waarteenoor die **inteendeel**-sin iets anders stel.

**Daarenteen,** egter, staan na 'n positiewe sin, waarvan die waarheid erken word, en waarteenoor die **daarenteen**-sin iets anders stel wat ook waar is (sien voorbeeld hierbo).

(3) REDEGEWENDE (verklarende) SINSVERBAND.

(a) **Normale woordorde** na :—
**want** : Ek gaan **want** ek wil daar wees.
(b) **Omgekeerde woordorde** na :—
**dus** : Dit reent, **dus** bly ek tuis.
In dieselfde sin kan ons ook gebruik :—
**daarom, derhalwe, gevolglik.**
**daardeur** : Hy was laat, **daardeur** het hy sy betrekking verloor.
**hierdeur** : soos **daardeur.**

**Opm. 1.**—Opmerking 1 by teenst. sinsverband geld ook hier.

**Opm. 2.**—**Mos, immers, altans** dui ook redegewende verband aan, en staan gewoonlik nie eerste in die sin nie (soos **egter**) :—

Slaan hom nie ; hy kon dit **mos** nie help nie.
Dis jou eie skuld ; ek het jou **immers** gewaarsku.
Jy het jou plig versuim ; dis **altans** nog nie te laat nie.

## Voorbeeld van algemene sinsontleding.

*Ek gaan en Jan gaan, maar Piet bly tuis want hy is stout.*

Dis 'n samegestelde sin bestaande uit vier neweskikkend verbonde sinne.

| SIN. | SOORT SIN. |
|---|---|
| A. Ek gaan .. | .. Hoofsin. |
| B. En Jan gaan | .. Hoofsin, aaneenskakelend neweskikkend verbonde met A. |
| C. Maar Piet bly tuis | .. Hoofsin, teenstellend neweskikkend verbonde met A en B. |
| D. Want hy is stout | .. Hoofsin, redegewend neweskikkend verbonde met C. |

## Oefening 11a.

Tien woorde (uit hierdie hoofstuk) om in sinne te gebruik :—
Geskied, verband, verhouding, gelykwaardige, beginsel, onfeilbare, wispelturig, uiteensetting, herhaaldelik, woordorde.

## Oefening 11b.

Gee die algemene sinsontleding van o.s. sinne, d.w.s. benoem die sinne en sê hoe hulle aan mekaar verbind is :—

1. Sommige mense is soos die Bourbons van Frankryk : hulle leer niks en hulle vergeet niks.
2. Jan het vroeg vanmore met die trein gekom maar Piet het geweier om hom te gaan afhaal by die stasie.
3. Hy het my uitgeskel, daarenbowe het hy my geslaan.
4. Moet hom nie berispe nie ; hy kan dit mos nie help nie.
5. Ons het tot sesuur gewag en was al vreeslik moeg ; eindelik het hulle opgedaag, dog Jan het tuis gebly.
6. Jy moet nou dadelik kom of ek gaan alleen ; jy verwag tog immers nie dat ek heeldag vir jou moet wag nie ?
7. Jan het nie gewerk nie ; inteendeel, hy het die hele jaar deur sy tyd verspil, daarom het hy gesak.
8. Ek het die tuintjie omgespit, ook het ek al die bossies verwyder.
9. Ek is nie slim nie, ook het ek niemand om my te help nie, nogtans sal ek my bes doen want ek wil in die eksamen slaag.
10. Ek kan mos maar na die bioskoop gaan—my werk is al lankal klaar.

## Oefening 11c.

Ontleed sinne 1, 2 en 5 van Oefening 11b ook in besonderhede.

## Oefening 11d.

Gebruik o.s. voegw. in goeie sinne, en gee dan die algemene sinsontleding van jou sinne :—

interteendeel, daarenteen ; dog, tog ; of, òf . . . . òf ; nietemin, egter, vervolgens, ewenwel, derhalwe, nieteenstaande, gevolglik, daarby, daardeur.

### TIEN VRAE (op Hoofstuk 11).

(N.B.—Gee voorbeelde orals waar moontlik.)

1. Onderskei tussen enkelvoudige en samegestelde sinne.
2. Toon duidelik aan wat die onderskeid is tussen newe- en onderskikkende sinsverband.
3. Wat verstaan jy onder **hoofsin** en **bysin** ?
4. In watter drie klasse kan newegeskikte sinne verdeel word ? Wat is die onderskeid tussen hierdie drie ?
5. Wat is voegwoorde en watter funksie verrig hulle in 'n sin ?
6. In watter twee hoofklasse kan voegwoorde verdeel word, en waarom ?
7. Wat verstaan jy onder voegwoordelike bywoorde ?
8. Staan voegwoorde altyd aan die begin van die sinne wat hulle inlei ?
9. Kan ons sinne sonder voegw. verbind ?
10. Skryf neer :—
    (i) **tien** voegw. wat aaneenskakelend neweskikkend verbonde sinne inlei ;
    (ii) **tien** voegw. wat teenstellend neweskikkend verbonde sinne inlei ;
    (iii) **tien** voegw. wat redegewend neweskikkend verbonde sinne inlei ;

en sê by elkeen van hierdie voegw. of hulle die normale of omgekeerde woordorde neem.

## HOOFSTUK TWAALF.

### SINSONTLEDING: SAMEGESTELDE SINNE—
### ONDERSKIKKENDE SINSVERBAND.

In die vorige hoofstuk het ons gesien wat die onderskeid is tussen newe- en ondergeskikte sinne, en waarom ons by onderskikkende sinsverband van **hoofsin** en **bysin(ne)** praat: eersgenoemde is onafhanklik en kan gewoonlik alleen staan, laasgenoemde nie.

### DRIE SOORTE BYSINNE.

In 'n sin soos :—

Die man **wat siek is,** is my broer ;

vertel die bysin (wat siek is) ons iets van 'n woord (man) in die hoofsin. Die bysin gee dus hier 'n eienskap van „man" (d.w.s. dit **doen die werk van 'n bnw.**), daarom noem ons hierdie soort bysin **BYVOEGLIKE BYSIN.**

In 'n sin soos :—

Ek verwag **dat hy sal kom** ;

is die bysin (dat hy sal kom) werklik die voorwerp van die hoofsin (ek verwag) ; m.a.w. ons gebruik 'n bysin waar ons 'n snw. kon gebruik het : ons kon gesê het : Ek verwag **sy koms.** Waar 'n bysin, soos hier, **die werk van 'n snw.** doen, praat ons van **SELFSTANDIGE BYSIN.** Net soos snw. **onderwerp** kan wees (**Jan** slaan my), of aanvulling **by die gesegde** (Jan is 'n **man**), of **voorwerp** (Ek sien **Jan**), net so kan ons selfstandige bysinne kry wat onderwerp, aanvulling by die gesegde of voorwerp van die hoofsin is. So kry ons dan drie soorte selfstandige bysinne :—

**Onderwerpsin** : **Dat hy sal kom** is seker.
**Gesegdesin** : Jan is **wat hy voorgee om te wees.**
**Voorwerpsin** : Ek verwag **dat hy sal kom.**

In 'n sin soos :—

Ek sal kom **wanneer jy my nie verwag nie** ;

sê die bysin vir ons wanneer die handeling van die hoofsin sal plaasvind. Ons gebruik dus hier 'n bysin i.p.v. 'n bywoord: ons kon gesê het: Ek sal **onverwags** kom. Waar 'n bysin **die werk van 'n byw.** doen, praat ons van **BYWOORDELIKE BYSIN.** Ons kry byw. bysinne van tyd, plek, ens., net soos ons byw. van tyd, plek, ens., kan kry.

Die **drie soorte bysinne** is dus :—

(1) Byvoeglike bysin (betreklike bysin).

(2) Selfstandige bysin—

(a) Onderwerpsin.

(b) Gesegdesin.

(c) Voorwerpsin.

(3) Bywoordelike bysin.

* * * *

## 1. BYVOEGLIKE BYSINNE.

Byvoeglike (betreklike, relatiewe) bysinne word gewoonlik ingelei deur die betreklike vnw. **WAT** of enige vorm van **wat,** soos **waarop, op wie, waarin, in wie,** ens. (sien Hoofstuk 5, par. 5), b.v.

Die man **wat daar loop,** is my oom.

Mense **wat nie werk nie,** kan nie eet nie.

'n Prins **op wie jy vertrou** kan net so wisselvallig wees as 'n strooihalm **waarop jy leun.**

Die man **met wie ek gereis het,** het my die gif gegee **waarmee ek my bome spuit.**

Ook **WIE SE** lei vaak byv. bysinne in :—

Die man **wie se vrou dood is,** gaan weer trou.

Verder is daar 'n hele paar voegw. soos **WAAR, WANNEER, OF, DAT,** ens., wat gewoonlik byw. bysinne of selfst. bysinne inlei, maar wat in sekere sinne ook byv. bysinne kan inlei :—

Die plek **waar die soldaat gesneuwel het,** kan ons nie vind nie.

Nou is die tyd **wanneer die bome bot.**

Die vraag **of Jan sy werk ken** sal binnekort beslis word.

Die idee **dat ek daar alleen sal moet bly,** is gladnie aantreklik nie.

Die groot gevaar om 'n bysin alleen volgens die voegw. te beoordeel, blyk uit hierdie sinne (sien ook later).

In die volgende geval, waar 'n sin in aanhalingstekens betrekking het op 'n voorafgaande of volgende snw., kan ons byv. bysinne kry sonder 'n inleidende voegw. :—

Die gesegde **„Die baas se oog is die perd se groei"** is baie waar.

Daar is baie waarheid in die spreekwoord **„Ledigheid is die duiwel se oorkussing".**

* * * *

## 2. SELFSTANDIGE BYSINNE.

Selfst. bysinne doen die werk van selfst. naamwoorde, en, soos ons gesien het, kan hulle (soos snw.) onderwerp, aanvulling by die gesegde, of voorwerp wees (onderwerpsinne, gesegdesinne, voorwerpsinne).

### ONDERWERPSINNE.

Hulle word dikwels ingelei deur die voegw. **DAT** :—

**Dat Jan more sal kom,** is seker.

In hierdie voorbeeld staan die onderwerpsin eerste, d.w.s. vóór die hoofsin, en dis maklik om te sien dat hierdie sin (dat Jan more sal kom) die onderwerp is van die hoofsin se ww. (is seker).

Dikwels staan die hoofsin egter vóór die onderwerpsin, en dan kry ons **dit** as **voorlopige onderwerp** solank in die plek van die werklike onderwerp wat volg, soos in :—

**Dit** is seker **dat Jan more sal kom.**

Onderwerpsinne kan ook ingelei word deur **OF** ; **vraagwoorde** soos **WIE, WAT, WANNEER, WAAROM,** ens. ; **betreklike vnw.** (wie, wat, ens.), b.v.

**Of Jan more sal kom,** is onseker.
**Wie steel** sal gestraf word.
**Wat ek more sal doen** is die vraag.
**Wanneer hy sal kom** is nog onbekend.
**Waarom hy gesteel het** is 'n raaisel.

Ook hier kry ons vaak **dit** as voorlopige onderwerp : **Dit** is onseker of Jan more sal kom ; **Dis** nog onbekend wanneer hy sal kom ; **Dis** my grond sover jou oog kan sien.

As die voegw. **dat** weggelaat word, kan ons onderwerpsinne sonder voegw. kry :—

**Dit** is seker : Jan sal more kom.

## GESEGDESINNE.

Na die koppelww. **is, word, lyk, blyk, skyn, bly, heet** kry ons die eerste naamval (sien Hoofstuk 4, par. 3); na hierdie ww. kry ons dus dikwels gesegdesinne, d.w.s. sinne wat deel uitmaak aan die gesegde van die hoofsin. Die inleidende voegw. is gewoonlik **WAT** :—

Jan is **wat jy nie is nie.**
Hy is **wat hy voorgee om te wees.**
Jan word **wat hy nooit wou wees nie.**
Die skurk bly **wat hy was.**

## VOORWERPSINNE.

Voorwerpsinne vorm die voorwerp van die ww. in die hoofsin en word dikwels ingelei deur **DAT, WAT**; en ook deur ander voegw. soos **of, hoe, wanneer, waar,** ens. :—

Hy sê **dat Jan siek is.**
Hy vra **wat ek more doen.**
Hy wil weet **of ek saamgaan.**
Vertel my **hoe jy dit gedoen het.**
Hy vra my **wanneer ek kom kuier.**
Hy vra my **waar ek nou woon.**

Ook sonder voegw., soos in :—

Meester sê altyd : **„Doen jou bes.''**

In 'n enkele geval kry ons **dit** as **voorlopige voorwerp,** soos in :—

Ek sal jou **dit** maar sê : Moeder is baie siek.

## 3. BYWOORDELIKE BYSINNE.

Hier kry ons (net soos by byw.) 'n groot verskeidenheid. Die verskillende soorte, met die vernaamste voegw. wat hulle inlei, word hieronder aangegee.

### (a) **Byw. bysinne van** PLEK **of** RIGTING.

Sulke bysinne antwoord op vrae soos :—

waar ? waarvandaan ? waarheen ? hoe ver ?

**waar** : Ek slaap **waar** die muskiete my nie kan byt nie (by „slaap'');

**vanwaar** : Hy het gekom **vanwaar** ons hom nie verwag het nie (by „het gekom'');

**tot waar** : Ek sal gaan **tot waar** die pad na Ceres uitdraai (by „sal gaan") ;
**waarheen** : Ek loop **waarheen** ek wil (by „loop").
**sover (as)** : Ek sal gaan **sover (as)** jy wil (by „sal gaan").

### (b) Byw. bysinne van TYD.

Hulle antwoord op vrae soos : wanneer ? hoe lank ? hoe dikwels ? hoe gou ? van wanneer af ? tot wanneer ?

**as** : **As** dit reent is dit nat (by „is nat").
**sodra (as)** : Ek sal kom **sodra (as)** die reent ophou.
**solank (as)** : Ek werk **solank (as)** dit dag is.
**so dikwels (as)** : Hy oefen **so dikwels (as)** hy kan.
**wanneer** : soos **as.**
**toe** : **Toe** ek daar was, was ek siek.
**terwyl** : Jan werk **terwyl** sy moeder kos kook.
**sedert** : **Sedert** hy as bestuurder benoem is, het die besigheid vinnig vooruitgegaan.
**voor(dat)** : Kom **voor(dat)** dit reent.
**eer(dat)** : soos **voor(dat)**.
**na(dat)** : Jy kan eers gaan **na(dat)** jou werk klaar is.
**tot(dat)** : Wag **tot(dat)** jy beter voel.

**Opm.—Toe** as voegw. word alleen vir die verlede tyd gebruik (sien Hoofstuk 15, par. C, opmerking iii).

### (c) Byw. bysinne van HOEDANIGHEID.

Hierdie bysinne antwoord op vrae soos : hoe ? op watter manier (wyse) ?

**asof** : Hulle gaan te kere **asof** die plek aan hulle behoort (by „gaan te kere").
**soos** : Julle het julle gedra **soos** klein kindertjies dit nie sou gedoen het nie.
**so as** : soos **soos.**

### (d) Byw. bysinne van OORSAAK of REDE.

Hierdie bysinne is antwoorde op vrae soos :—
waarom ? om watter rede ?

**omdat** : Ek sal gaan **omdat** ek daar wil wees.
**daar** : **Daar** hy siek was, het hy tuis gebly.

**aangesien** : Die meester sal jou straf **aangesien** jy jou werk nie ken nie.
**deurdat** : **Deurdat** sy haar been gebreek het, moes sy op siekverlof gaan.
**dewyl** : **Dewyl** jy nie wil hoor nie, sal ek jou straf.

### (e) **Byw. bysinne van** GEVOLG.

Hulle antwoord op vrae soos : met watter gevolg ? wat was die gevolg ?

**sodat** : Hy het hard gewerk **sodat** hy in sy eksamen geslaag het.
**waardeur** : Hy het nie gewerk nie, **waardeur** hy gesak het.

### (f) **Byw. bysinne van** GRAAD.

Hulle antwoord op die vrae : hoeveel ? hoe baie ? hoe groot ? hoe lank ? ens., en word altyd deur **so** in die hoofsin vooorafgegaan.

**so . . . . dat** : Hy was **so** siek **dat** hy 'n operasie moes ondergaan (by „was so siek").
**so . . . . as** : Jannie is **so** gesond **as** 'n mens maar kan wees.

### (g) **Byw. bysinne van** TOEGEWING.

Hier word iets toegegee—'n konsessie word gemaak—die handeling in die hoofsin bly nogtans waar.

**Alhoewel** : **Alhoewel** ek siek voel, sal ek gaan.
In dieselfde sin, met dieselfde betekenis en woordorde, kan ons **hoewel, ofskoon, nieteenstaande (dat)** gebruik.

**Al** : **Al** voel ek siek, sal ek gaan.

N.B.—Let op die omgekeerde woordorde na **al.**

### (h) **Byw. bysinne van** VOORWAARDE.

Hulle antwoord op die vraag : op watter voorwaarde of kondiesie ?

**as** : Ek sal gaan **as** dit nie reent nie.
In dieselfde sin kan ons gebruik : **mits, indien, wanneer, ingeval.**
**tensy** : Ek sal gaan **tensy** dit reent.
(**tensy** = **as** + nie).

### (i) **Byw. bysinne van** DOEL.

Hulle antwoord op die vraag : met watter doel ?

**sodat** : Hy werk hard **sodat** hy in die eksamen kan slaag. In dieselfde sin kan ons gebruik : **opdat, dat, ten einde dat.**

### (j) **Byw. Bysinne van** VERGELYKING.

Hier bevat die bysin 'n vergelyking met iets in die hoofsin.

**as** : Jan is langer **as** ek (lank) is.

**dan** : As Jan langer is **dan** ek breed is, is hy baie lank.

(Sien ook Hoofstuk 7, Opmerking 2).

**(net so) . . . . soos (as)** : Daardie vet oom is **net so** lank **as** wat hy breed is.

### (k) **Byw. bysinne van** VERHOUDING.

Hulle antwoord op die vraag : in watter verhouding of mate ?

**hoe . . . . hoe** : **Hoe** verder ek gaan, **hoe** moeër word ek (by „word moeër").

**namate (dat)** : Ek word moeër **namate** (dat) ek verder gaan.

**na gelang (dat)** : Jy sal beloon word **na gelang (dat)** jou verdienste is.

### (l) **Byw. bysinne van** OMSTANDIGHEID.

Hulle antwoord op die vraag : Onder watter omstandigheid ?

**sonder dat** : Ek het dit gedoen **sonder dat** ek daaroor nagedink het.

**in plaas dat** : Hy het my geslaan **in plaas dat** hy my gehelp het.

### (m) **Byw. bysinne van** BEPERKING.

**Sover** : **Sover** ek kan sien, is jy reg.

**in so ver** : Die mededeling in die hoofsin is waar alleen **in so ver** die beperking in die bysin dit toelaat.

**behalwe dat** : Alles is waar **behalwe dat** hy lui is.

## OPMERKINGS OOR WOORDORDE.

1. Uit die voorbeelde hierbo blyk dat ons **in 'n bysin die ww. aan die end** plaas :—
   Hy sê **dat** hy more **sal kom.**
   Hy sê **dat** hy gister laat **gekom het.**
   Let op dat die hulpww. **vóór** 'n infinitief staan (sal kom, wil gaan, ens.), maar **ná** 'n verlede deelwoord (gekom het, geslaan is, ens.).
2. In 'n bysin staan die **ww. nie aan die end nie** :—
   (a) Na **al** (sien 3(g) bo).
   (b) As die **voegw. weggelaat** word, b.v.
   Hy sê hy **sal** more vroeg **kom.**
   (maar : **dat** hy more vroeg **sal kom**).
3. Staan die **bysin eerste** (wat uit 'n styloogpunt altyd beter is), dan kry ons **inversie in die hoofsin** (d.w.s. eers gesegde, dan onderwerp) :—
   **As** dit nie reent nie, **kom ek.**
4. Ons kry ook die omgekeerde woordorde (inversie) in die hoofsin as dit tussen aangehaalde woorde staan :—
   ,,Jan," **sê hy,** ,,kom gou hier."
   (maar : Hy sê : ,,Jan, kom gou hier.")

## WENKE BY SINSONTLEDING.

1. **Voegwoord-gevaar.**

Moenie net na die soort voegw. kyk voor jy besluit watter soort sin dit is nie. Dieselfde voegw. kan heeltemal verskillende bysinne inlei, b.v.

Hy vra my **waar** ek woon (voorwerpsin by ,,vra").

Dis die plek **waar** die man vermoor is (byv. bysin by ,,plek").

Hy woon **waar** die dennebome staan (byw. bysin van plek by ,,woon").

**Let dus goed op in watter verband** die voegw. voorkom. Neem b.v. ook **as** in :—

Ek sal gaan **as** die dag breek (byw. bysin van **tyd** by ,,sal gaan").

Ek sal gaan **as** jy saamgaan (byw. bysin van **voorwaarde** by ,,sal gaan").

Jan is breër **as** ek lank is (byw. bysin van **vergelyking** by ,,is breër").

2. **Tel die selfstandige ww.**—daar is net soveel sinne (hoof- en bysinne) as wat daar selfst. ww. is.
3. Kyk of daar nie dalk meer as één hoofsin is nie.
4. Soek die hoofsin(ne) eers uit en daarna die bysinne.
5. Kyk of 'n algemene sinsontleding gevra word of sinsontleding in besonderhede.

## VOORBEELD VAN SINSONTLEDING.

Ontleed in sinne :—

Hoewel ek **gesê het** dat dit gewoonlik **reent** as die suidewind **waai, behoort** 'n mens, wat enigsins gesonde verstand **het**, te verstaan dat daar reëls **is** wat uitsonderings **kan hê.**

Dis 'n samegestelde sin, bestaande uit **een hoofsin** en **ses bysinne.**

| SIN. | SOORT SIN. |
|---|---|
| A. 'n Mens behoort te verstaan | Hoofsin. |
| B. Wat enigsins gesonde verstand het. | Byvoeglike bysin by ,,'n mens'' in A. |
| C. Dat daar reëls is .. .. | Voorwerpsin by ,,behoort te verstaan'' in A. |
| D. Wat uitsonderings kan hê | Byv. bysin by ,,reëls'' in C. |
| E. Hoewel ek gesê het .. | Byw. bysin van toegewing by ,,behoort te verstaan'' in A. |
| F. Dat dit gewoonlik reent .. | Voorwerpsin by ,,gesê het'' in E. |
| G. As die suidewind waai .. | Byw. bysin van tyd by ,,reent'' in F. |

**Opmerking.**—As 'n sinsontleding in besonderhede ook verlang word, gaan met elke sin as volg te werk :—

| | | |
|---|---|---|
| A. 'n Mens .. .. | onderwerp | Hoofsin. |
| behoort te verstaan .. | gesegde | |
| B. Wat .. .. .. | voeg., onderw. | Selfst. bysin, voorwerp van ,,behoort te verstaan'' in A. |
| het .. .. .. | gesegde | |
| gesonde verstand .. | voorwerp | |
| enigsins .. .. .. | bywoord | |

### Oefening 12a.

Tien woorde (uit hierdie hoofstuk) om in sinne te gebruik :—laasgenoemde, betreklike, inleidende, aanvulling, blyk, verskeidenheid, omgekeerde, relatiewe, volgens, voorafgaande.

### Oefening 12b.

Verbind, met behulp van voegwoorde, die volgende groepe enkelvoudige sinne tot samegestelde sinne, en gee dan die algemene sinsontleding :—

**Voorbeeld.**
Jan kook kos. Dit is baie lekker.
Jan kook kos **wat** baie lekker is.
A. Jan kook kos—Hoofsin.
B. Wat baie lekker is—Byv. bysin by ,,kos'' in A.

1. Daar loop die man. Hy was gister by ons.
2. Dit is te laat. Ek sal nie kom nie.
3. Moenie jou suster slaan nie. 'n Mens slaan nie 'n vroumens nie.
4. Hy het my gesê. Hy sal more kom. Hy sal vroeg kom **(3 sinne).**
5. Daardie man is die dief. Dit is seker. Hy loop in die straat. Ek het hom die perd sien steel. **(4 sinne).**
6. Bring my die boek. Dit lê op die tafel. Ek het dit nodig. **(3 sinne.)**
7. Die opgewondenheid het 'n bietjie bedaar. Ons kon hoor wat hy sê. Ons het agter in die saal gesit. **(3 sinne.)**
8. Hy het my vertel. Hy was Saterdag op Nuweland. Die Springbokke het daar teen die All Blacks gespeel. Ek het hom geglo. Hy lieg nooit. Party mense dink dit nie. Sulke mense is onnodiglik argwanig. **(7 sinne).**

### Oefening 12c.

Maak die o.s. sinne samegesteld, en gee die algemene sinsontleding van die samegestelde sinne wat jy gevorm het.

**Voorbeeld.**
Jan is 'n mooi man.
Jan is 'n man wat mooi is.
A. Jan is 'n man—Hoofsin.
B. Wat mooi is—Byvoeglike bysin by ,,man'' in A.

1. Daardie sterk man sal jou more vroeg slaan. (1 hoofsin en 2 bysinne.)
2. Die onbetroubare man vertel 'n laakbare onwaarheid. (1 hoofsin en 2 bysinne).
3. Om jou gesondheid te behou en vrede te bewaar moet 'n mens 'n aansteeklike siekte en 'n kyfagtige vrou vermy. (1 hoofsin en 4 bysinne.)
4. In die vroeë oggend sing duisende voëltjies in die hoë bome voor ons huis. (1 hoofsin en 2 bysinne.)
5. Vertel my eers 'n spookstorie. (1 hoofsin en 2 bysinne.)

## Oefening 12d.

Ontleed in sinne :—

1. Wys my waar jy woon en die plek waar jy gebore is.
2. Ek woon waar 'n verfrissende seeluggie waai wanneer dit so warm is dat 'n mens wil beswyk.
3. Piet mag slimmer wees as wat Jan is, maar hy is baie slordiger.
4. Al is hy laf, tog hou ek van hom want hy is tenminste wat hy voorgee om te wees.
5. Hoe gouer jy my vertel hoe dit alles gebeur het, hoe beter sal dit vir jou wees.
6. Jan is 'n betroubare seun, dus kan jy seker wees dat hy die werk wat jy hom gee so sal doen dat jy tevrede sal wees.
7. Aangesien hy weet wat hy moet doen, behoort jy jou nie oor hom te bekommer asof hy 'n onkundige was nie.
8. Jy voel siek, daarom kan jy maar loop voor jy sieker word.
9. Mits hy sy werk doen soos jy hom gesê het, kan jy hom nie berispe nie.
10. Hoewel ek lank moes soek na die huis waarnatoe jy my beduie het, ly dit geen twyfel nie dat die aangename ondervindings, wat ek daar opgedoen het, allesins die moeite werd was.
11. Hoewel die vereniging 'n jaar of wat gelede sy werk aanvaar het met 'n bespotlike klein aantal lede, het dit soveel kostelike werk in die distrik verrig dat die ledetal nou die aansienlike syfer van 870 bereik het, wat tot lof strek van die wakkere bestuur en hul ywerige amptenare, maar daar bly nog baie oor om te doen alvorens dit tot een van die vooraanstaandes onder die soortgelyke liggame wat oral in ons land bestaan kan gereken word.

12. „Toe die trein eindelik instoom en Ben, na 'n paar minute van vrugtelose rondsoek by waggonrame, skielik vir Bettie op die perron gewaar, en sien hoe sy hom tegemoet hardloop, rats en lenig, nes of die afskuwelike gevaar van rugverlamming nooit vir haar bedreig het nie, en met 'n gesiggie, stralend van geluk wat haar 'n bowenaardse skoonheid vir die oomblik verleen, voel hy dat hierdie oomblik dubbel en dwars vergoeding skink vir al wat hy in die loop van die jaar deurgemaak het.'' (Uit Marie Linde: Onder Bevoorregte Mense.)

13. „Soos 'n vlokkie skuim uit die sfere se ruim
kom 'n wolkie aangesweef,
maar hy groei in die blou tot 'n stapelbou
van marmer wat krul en leef—
kolossaal monument op sy swart fondament,
waar die bliksem in brul en beef.
En o, met my is die windjies bly :
hul spring uit die stof orent,
en wals en draai in dwarrelswaai
oor my vloer van ent tot ent ;
die gras skud hul wakker om same te jakker
tot hy opspring uit sy kooi,
en soos mane en sterte van jaende perde
sy stingels golf en gooi.''
(Uit Celliers : Die Vlakte).

## Oefening 12e.

Gebruik o.s. voegw. in goeie volsinne en gee dan die algemene sinsontleding van jou sinne :—

ofskoon, ingeval, namate, in so ver, daar, tensy, in plaas dat, dewyl, terwyl, waarheen.

## VYFTIEN VRAE (op Hoofstuk 12).

(N.B.—Gee voorbeelde orals waar moontlik.)

1. Watter drie soorte bysinne kan ons kry en wat is die onderskeid tussen hulle ?
2. Skryf neer tien byv. bysinne almal deur verskillende voegwoorde ingelei.
3. Wat is onderwerpsinne ? Skryf neer **vyf** onderwerpsinne almal deur verskillende voegw. ingelei.

4. Wat is die voorlopige onderwerp ?
5. Wat is (a) gesegdésinne, (b) voorwerpsinne ?
6. Skryf neer—
   (a) **vyf** byw. bysinne van plek ;
   (b) **vyf** byw. bysinne van tyd ;
   (c) **vyf** byw. bysinne van oorsaak of rede,
   almal deur verskillende voegw. ingelei.
7. Gee nog **nege** soorte byw. bysinne (behalwe die drie soorte hierbo), met voorbeelde.
8. Kan 'n mens deur alleen na die voegw. te kyk sê met watter soort sin jy te doen het ?
9. Kan ons bysinne kry sonder inleidende voegwoorde ?
10. Staan die ww. in 'n bysin altyd aan die end ?
11. Wat is inversie en wanneer kry ons in 'n samegestelde sin inversie in die hoofsin ?
12. Skryf neer bysinne ingelei deur die volg. voegwoorde :—
    (1) **waar** (selfst. bysin)
    (2) **waar** (byv. bysin)
    (3) **waar** (byw. bysin)
    (4) **as** (byw. bysin van tyd)
    (5) **as** (byw. bysin van voorwaarde)
    (6) **as** (byw. bysin van verg.)
    (7) **hoe** (onderwerpsin)
    (8) **hoe** (voorwerpsin)
    (9) **hoe** (byw. bysin)
    (10) **hoe** (byv. bysin).
13. Wat verstaan jy onder sinsontleding en watter waarde het sinsontleding-oefeninge ?
14. Skryf neer bysinne ingelei deur die volg. voegwoorde :—
    (1) **dat** (onderwerpsin)
    (2) **dat** (voorwerpsin)
    (3) **dat** (byv. bysin)
    (4) **dat** (byw. bysin)
    (5) **wat** (onderwerpsin)
    (6) **wat** (gesegdesin)
    (7) **wat** (voorwerpsin)
    (8) **wat** (byv. bysin)
    (9) **wanneer** (selfst. bysin)
    (10) **wanneer** (byv. bysin).
15. As jy 'n stuk sinsontleding kry om te doen, hoe sou jy te werk gaan en waarom ?